# VONKK 229
# Wysheid Begin By Die Dien Van Die Heer




1. *Spreuke 4:4* 2. *Spreuke 2:1-5* 3. *Spreuke 3:3-4* 4. *Spreuke 3:5,7*

5 *(Spreuke 3:8)*
Dien en vereer God met als wat jy het,
gee van jou beste vir Hom.
My seun*, so sal jy God se goedheid ervaar;
sal jy sy guns ondervind.

6 *(Spreuke 4:23)*
Waak oor jou hart en wat als daarin leef.
Dit gaan jou lewe bepaal.
My seun*, dink tog mooi oor wat jy als begeer.
Dít gaan jou lewe beheer.

7 *(Spreuke 15:1)*
Woorde wat sag is laat woede bedaar,
krenkende woorde maak kwaad.
Kies dan versigtig jou woorde, my kind;
dink tog eers mooi voor jy praat.

8 *(Spreuke 16:3)*
Raadpleeg die Here in als wat jy doen,
hou by sy raadsplan vir jou.
Hy sal jou voornemens so laat geluk
en jou sy vrede laat smaak.

*(strofes 9 tot 14 vervolg op bladsy 2)*




9. *Spreuke 23:4* 10. *Spreuke 20:1; 23:29-35* 11. *Spreuke 22: 1 en 3* 12. *Spreuke 28:13*

13 *(Spreuke 29:23 en 22:2)*
Hoogmoed en trots kan jou bring tot 'n val;
need'righeid gee vir jou eer.
Voor God, die Heer, is ons almal gelyk.
Hy het ons almal gemaak.

14 *(Spreuke 9:10, 4:9)*
Wysheid begin met die dien van die Heer.
Dit het meer waarde as goud.
Hou vas aan dít wat die Here jou leer.
Dit sal jou lewe versier.

*Uit die Spreuke van Salomo*
Teks: Jacques Louw 2012 ©
Musiek: VIR FRANCOIS – Jacques Louw 2012 ©
Kantoryverwerking: Jacques Louw 2012 ©
Musikale verryking: Gerrit Jordaan 2012
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Meditatief – Onderwysing / Bevestiging van Ampsdraers / Aflegging van Geloofsbelydenis / Kindwees**

VONKK